

Vrydag 10 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 1:1-7; HK Sondag 14, Antwoord 35

Fokusgedeelte: Romeine 1:3

Die ware nakomeling van Dawid

Sowel die Skrif as ons belydenis beklemtoon dat die Seun van God by sy geboorte as mens ook 'n ware afstammeling van Dawid was. Dat hierdie aanduiding ook spreek van 'n oorwinning van God oor Satan by die geboorte van Christus, is nie so voor die handliggend nie. As ons egter die woorde “nakomeling van Dawid” vervang met “nakomeling (saad) van die vrou”, dan word ons aandag gevestig op die moederbelofte in Genesis 3:15 wat die begin was van die eeuelange vyandskap tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die slang, tussen God en Satan, tussen die kerk en die wêreld.

Toe Christus in die ewige vrede raad van God onderneem het om ons menslike natuur aan te neem, het Hy geweet wat die implikasie daarvan sou wees: dat Hy bitter sou ly en sterwe, maar juis so die sonde en die dood sou oorwin. Satan het dit egter ook geweet. Daarom het hy alle moontlike pogings aangewend om die geboorte van Christus as nakomeling van Dawid te verhinder. Hy het geweet dat die verlossing uit die Jode kom (Joh. 4:22). Daarom het hy voortdurend sy bose dienaars as instrumente gebruik om Israel te verlei en te vervolg en indien moontlik van die aarde af te verdelg. Daarvan is daar genoeg voorbeelde in die Skrif. Die bevel van die farao dat alle Israelitiese seuntjies wat gebore word, in die Nyl verdrink moet word (Eks. 1:22), was in werklikheid niks anders nie as 'n poging van Satan om God se volk uit te wis sodat die menswording van die Seun van God nie kon plaasvind op die wyse wat God in sy raad bepaal het nie. Dieselfde kan gesê word van die aanval van die Amalekiete op Israel (Eks. 17:8-16), van Haman se poging om al die Jode uit te roei (Ester 3) en nog ander pogings van Satan. As net één van hierdie pogings van Satan geslaag het, sou die redding van die mens nie volgens die belofte van God plaasgevind het nie.

Toe die menswording van die Seun van God ondanks die pogings van Satan tog plaasgevind het en Hy uit Maria gebore is, het God opnuut 'n magtige oorwinning oor Satan behaal (vgl. Op. 12). Al sy bose pogings het gefaai. Al sy vyandige spiese en pyle het teen die skild van God se almag gebreek. Die Seun van God het *tog* die menslike natuur aangeneem. Die Christus is gebore as die ware nakomeling van Dawid en Satan het verloor. Dit troos ons, veral met die oog op die toekoms, want ons weet dat God ook die eindoorwinning sal behaal en ons ten volle in die verlossing deur Christus sal laat deel.